Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 22 MAART 2017 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 IMPLEMENTERING VAN DIE "COMMUNITY WORK PROGRAMME" (CWP) (17/2/2)

Die voorsitter rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan die afvaardiging wat versoek het om die Uitvoerende Burgemeesterskomitee toe te spreek aangaande die CWP-program, naamlik –

- Mnr Craig Mitchell en me Patience Oor van die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering: Afdeling Publieke Deelname;
- Mnr Naym Daniels van die Dhladhla Stigting, synde die implementeringsagent van die "Community Work Programme" (CWP).

Mnr Naym Daniels doen 'n voorlegging aangaande die doelstellings van die CWP-program en noem dat dit deur die Departement van Samewerkende Regering (DCOG) as 'n nasionale inisiatief geloods is. Die hoofdoel van die program is om die lewensbestaanstrategieë van werkloses en/of werkende persone met 'n onvoldoende inkomste aan te vul deur 'n minimum vlak van inkomste te verseker deur die skep van werksgeleenthede.

Die doelstellings van die projek is, onder andere, as volg –

- ’n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van publieke bates en basiese dienste in arm gemeenskappe deur die munisipale doelwitte en behoeftes te ondersteun;
- publieke deelname te versterk deur deelname aan besluitneming op gemeenskapsvlak;
- bestaande ‘livelihoods’ te ondersteun;
- vaardigheidsvlakke van deelnemers uit te brei.

Mnr Daniels beklemtoon die belangrikheid van die stigting van die “Local Reference Committee” wat getaak sal word om die Implementeringsagent by te staan in die implementering van die program, sowel as deur die vervulling van ’n oorsigrol. Hierdie komitee sal, onder andere, bestaan uit afgevaardigde(s) van die (1) wykskomitees, (2) burgerlike samelewing, (3) gemeenskapsleiers, (4) politieke *champion* en (5) amptenare van die onderskeie betrokke regeringsfere.

Swartland Munisipaliteit is deur DCOG geïdentifiseer om aan die CWP-projek deel te neem en gaan 500 werksgeleenthede in die 2017/2018 finansiële jaar geskep word.

Die voorsitter gee geleentheid aan komiteelede om vrae ter opheldering te vra, waarna die Munisipale Bestuurder noem dat die onderskeidende kenmerk van die CWP-program in vergelyking met ander inisiatiewe, is dat dit fokus op die ondersteuning van munisipale behoeftes en inisiatiewe asook dié wat nie binne die bestek van plaaslike owerhede val nie, byvoorbeeld deurdat onderwys, gesondheid, en so meer ook by die projek kan baat.

BESLUIT

(a) Dat Swartland Munisipaliteit die “Community Work Programme” ondersteun en graag aan die projek sal deelneem;

(b) Dat, op versoek van mnr Craig Mitchell, ’n datum vir ’n verdere werkwinkel deurgegee word om die operasionele aspekte uit te klaar, naamlik:
  (i) skakelpersoon by Swartland Munisipaliteit;
  (ii) betrokkenheid van wykskomitees;
  (iii) betrokkenheid van wyksraadslid;
  (iv) aanstel van politieke *champion*;
  (v) watter rol moet Swartland Munisipaliteit vervul in die stigting van ‘n “Local Reference Committee”;
  (vi) waar moet die projek vestig, byvoorbeeld 100 werksgeleenthede vir elkeen van die vyf areas volgens die areaplanne van die GOP.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN ’N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 8 FEBRUARIE 2017

BESLUIT

Dat die notule van ’n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 8 Februarie 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 1 MAART 2017

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 1 MAART 2017

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

Besluit/...

5.1.1/...

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 9 NOVEMBER 2016

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 2017-2022 GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (2/1/4/4/1)

Die bepaling ingevolge artikel 25 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsel Nr 32 van 2000 is dat elke munisipale raad binne ‘n voorgeskrywe tydperk na die begin van die verkose termyn ‘n strategiese plan moet aanneem.

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is die Munisipaliteit se hoof strategiese plan wat handel met die mees kritiese ontwikkelingsbehoeftes van die munisipale gebied (eksterne fokus), sowel as die mees kritiese regeringsbehoeftes van die organisasie (interne fokus).

Die aangehegte dokument is die nuwe vyfjaar GOP vir die tydperk 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2022 en versoek die voorsitter, sowel as die Munisipale Bestuurder, dat raadslede hulself vergewis van die inhoud van die GOP asook die Areaplanne om as bemagtigingsgereedskap te gebruik wanneer daar met die publiek gekommunikeer word.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 30 Maart 2017)

(a) Dat die konsep 2017-2022 GOP vir die Swartland munisipale gebied goedgekeur word in terme van artikel 25(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000 vir die doeleindes van die verkryging van publieke insette en kommentaar;

(b) Dat die konsep GOP geadverteer word vir publieke insette en kommentaar gedurende April 2017;

(c) Dat die konsep GOP by Plaaslike Bestuur, Provinsiale Tesourie, Nasionale Tesourie en die Weskus Distriksmunisipaliteit ingedien word; en

(d) Dat die GOP in Mei 2017 aan die Burgemeesterskomitee en voor die einde van Mei 2017 aan die Raad voorgelê word vir finale goedkeuring.

7.2 GOEDKEURING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFS-BEGROTINGS VIR 2017/2018, 2018/2019 EN 2019/2020, SOWEL AS AANVERWANTE BELEIDE (5/1/1/1-2017/2018; 5/1/1/2-2017/2018)

Die verslag is/...

7.2/...

Die verslag is volledig deur die Direkteur: Finansiële Dienste behandel tydens die Begrotingsbeheerkomiteevergadering, maar word dit weereens beklemtoon dat die implementering van die mSCOA-vereistes met ingang van 1 Julie 2017 'n groot uitdaging is, veral in die lig daarvan dat Nasionale Tesourie so onlangs as 11 Maart 2017 nog omsendbriewe in hierdie verband uitgegee het.

Die Munisipale Bestuurder spreek sy dank uit teenoor die Direkteur: Finansiële Dienste vir die omsigtige wyse waarop die begrotingsproses hanteer was – altyd met die groter prentjie in gedagte – en met die doel om doeltreffende en effektiewe besparingsmaatreëls na te streef. Vandaar die ommeswaai van aanvanklike bedryfstekorte na bedryfsurplusse oor die volgende paar finansiële jare.

Die voorsitter noem dat dit verblydend is dat die hersiening van die finansiële verwante beleide ook nou deel vorm van die 90-dae begrotingsproses.

BESLUIT (vir oorweging deur die Raad op 30 Maart 2017)

(a) Dat die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2017/18 – 2019/20 finansiële jare vir goedkeuring aanbeveel word, ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA om die publieke deelnameproses te deurloop:

	Oorspronklike Begroting 2016/2017	**Tweede Aan-suiwerings-begroting 2016/2017**	**Oorspronklike Begroting 2017/2018**	**Oorspronklike Begroting 2018/2019**	**Oorspronklike Begroting 2019/2020**
Kapitaalbegroting	R 74 689 669	R 81 428 433	R 84 443 120	R 87 695 064	R 84 275 813
Bedryfsuitgawes	R 654 711 941	R 636 140 909	R 664 504 937	R 670 784 213	R 693 177 822
Bedryfsinkomste	R 641 914 085	R 647 894 024	R 680 465 674	R 701 763 745	R 726 795 605
Begrote Surplus/(Tekort)	(R 12 797 856)	R 11 753 115	R 15 960 738	R 30 979 532	R 33 617 782
Kapitale Skenkings	R 34 048 649	R 35 348 649	R 34 971 450	R 37 737 000	R 23 724 000
Surplus/(Tekort)	-R 46 846 505	-R 23 595 534	- R 19 010 712	-R 6 757 468	R 9 893 782

(b) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die voorgestelde konsep elektrisiteitstariewe vir die 2017/18 finansiële jaar, met inagneming daarvan dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;

(c) Dat die konsep eindomsbelastingstariewe, tariefstrukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **Aanhangsel A** goedgekeur word vir doeleindes van die publieke deelnameproses;

(d) Dat daar, met verwysing na die voorgestelde wysigings aan die Verordening insake Eiendomsbelasting en die Eiendomsbelastingsbeleid, soos elders in die agenda voorgelê, kennis geneem en goedkeuring verleen word dat die uitfasering van gedifferensieerde belasting soos van toepassing op die sogenaamde "geografiese areas" van Jakkalsfontein, Grottobaai en Riebeek Vallei in terme van die bestaande verordening en beleid beëindig word. Dat verder dus goedkeuring verleen word dat die volle eiendomsbelastingstarief soos van toepassing op residensiële eiendomme met ingang van 1 Julie 2017 op eiendomme in voormelde areas gehef sal word, om te voldoen aan artikel 19(1)(a) van die Plaaslike Regering: Eiendomsbelastingswet, 2004 (soos gewysig), wat bepaal dat die heffing van gedifferensieerde tariewe op residensiële eiendomme verbied word, behalwe onder gespesifiseerde omstandighede;

7.2/…

(e) Dat ‘n kennisgewing in voormelde verband uitgestuur word aan die geaffekteerde inwoners van Grottobaai, Jakkalsfontein en Riebeek Vallei om hulle in kennis te stel dat hul eiendom teen 100% van die residensiële tarief met ingang van 1 Julie 2017 gehef sal word, ten einde te voldoen aan artikel 19(1)(a) van die Plaaslike Regering: Eiendomsbelastingswet;

(f) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit in die tabelle in **Aanhangsel B**, goedgekeur word;

(g) Dat die begrotingsverwante beleide soos vervat in **Aanhangsel C**, goedgekeur word vir doeleindes van die publieke deelnameproses;

(h) Dat, bo en behalwe die inisiatiewe reeds geïmplementeer met verwysing na MFMA Omsendbrief Nr 82: *Cost Containment Measures,* kennis geneem word van die verdere pogings om uitgawes te beperk soos vermeld in **Aanhangsel D**;

(i) Dat die Raad kennis neem van die hersiening van die begrotingsverwante beleide, en meer spesifiek die wesenlike wysigings aan die Verimentbeleid as gevolg van die invloed van die mSCOA-implementering met ingang van 1 Julie 2017;

(j) Dat toepaslike oorsig meganismes ingestel word om besparingsmaatreëls te monitor, ten einde te voldoen aan artikel 62 en 167 van die MFMA om te verseker dat redelike stappe geneem word vir die effektiewe, doeltreffende en ekonomiese gebruik van openbare hulpbronne en in die beste belang van die plaaslike gemeenskap;

(k) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse, die pogings om die totale verhoging in uitgawes tot slegs 4,5% vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar te beperk, groei in inkomste van slegs 5% in hierdie moeilike ekonomiese omstandighede vir dieselfde periode, sowel as die kontantvloei-staat vir die huidige sowel as die volgende drie finansiële jare en meer spesifiek die vordering in hierdie verband;

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **5.3 maande** vir 2017/2018; **5.2 maande** vir 2018/2019 en **5.7 maande** vir 2019/2010;
- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so ‘n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2017/2018 ‘n bedrag van **R15 960 738**; 2018/2019 ‘n bedrag van **R30 979 532** en 2019/2020 ‘n bedrag van **R33 617 782**;

(l) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotings-omsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie.

7.3 VOORLEGGING VAN ’N VOORLOPIGE 2017/2018 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die doel van die SDBIP is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die Munisipale Bestuurder noem dat hierdie slegs 'n voorlopige SDBIP is ten einde te voldoen aan die Provinsiale Tesourie se versoek om die SDBIP saam met die 90-dae begroting voor te lê.

Besluit/...

7.3/...

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 30 Maart 2017)

Dat die aangehegte 2017/2018 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) as ‘n voorlopige dokument goedgekeur word vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie.

7.4 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE EIENDOMSBELASTING ASOOK GEWYSIGDE EIENDOMSBELASTINGBELEID (5/3/1/B)

Die voorsitter gee geleentheid aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die belangrikste wysigings aan die Verordening insake Eiendomsbelasting asook die Eiendomsbelastingbeleid aan die komitee uit te wys.

Wysigings word grotendeels te weeg gebring deur die opbreek van die verordening en die beleid, sodat wanneer wysigings aangebring word, beide dokumente nie afgekondig word nie.

’n Belangrike wysiging is die verbod om gediffirensieerde belasting te hef op residensiële eiendomme in die geografiese areas van Grottobaai, Jakkalsfontein en Riebeek Vallei ingevolge gewysigde wetgewing – Plaaslike Regering: Eiendomsbelastingswet, Nr 6 van 2004, sowel as korrespondensie ontvang vanaf COGTA – wat tot gevolg hê dat die volle eiendomsbelastingstarief met ingang van 1 Julie 2017 op residensiële eiendomme in hierdie areas gehef sal word.

Daar is ook wysigings aangebring aan die persentasie korting betaalbaar aan senior burgers wat voortaan ingevolge inkomstevlakke bereken sal word, maar wat eers met ingang van 1 Julie 2018 geïmplementeer sal word.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 30 Maart 2017)

(a) Dat die konsep Verordening insake Eiendomsbelasting in beginsel goedgekeur word;

(b) Dat, in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, sowel as paragraaf 59 van die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings, die konsep verordening vir publieke kommentaar in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste vir ten minste 30 dae geadverteer word;

(c) Dat die konsep Verordening insake Eiendomsbelasting vir finale goedkeuring op 25 Mei 2017 aan die Raad voorgelê word;

(d) Dat die konsep Eiendomsbelastingsbeleid ook in beginsel goedgekeur word en gelyklopend tot die 90-dae begroting vir publieke kommentaar in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste geadverteer word;

(e) Dat die Eiendomsbelastingbeleid op 25 Mei 2017 aan die Raad voorgelê word vir aanvaarding, om in werking te tree op die datum waarop die Verordening in werking tree.

7.5 WYSIGING VAN VOORSIENINGSKANAALBESTUURSBELEID EN VOORKEUR-VERKYGINGSBELEID (8/1/B/1, 8/1/B/2)

Die Voorsieningskanaalbestuursbeleid bepaal dat die rekenpligte beampte die beleid op ’n jaarlikse basis moet hersien, hoofsaaklik om voorsiening te maak vir nuwe regulasies en opdragte uit MFMA Omsendbriewe wat moontlike wysigings aan vermelde beleid, sowel as die Voorkeurverkrygingsbeleid noodsaak.

Die onderskeie beleide is met die sakelys gesirkuleer.

Besluit/...

7.5/...

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 30 Maart 2017)

(a) Dat die voorgestelde wysigings op die Raad se *Supply Chain Management Policy*, soos voorgehou in Aanhangsel A, goedgekeur word met onmiddellike effek;

(b) Dat die aangehegte *Preferential Procurement Policy* (Aanhangsel B) aanvaar en goedgekeur word met ingang van 1 April 2017 om uitvoering te gee aan die *Preferential Procurement Regulations, 2017* afgekondig kragtens die *Preferential Procurement Policy Framework Act, No. 5 van 2000*.

7.6 AANVAARDING VAN NUWE EKSTERNE BEURSBELEID (4/6/1)

Die Provinsiale Tesourie het ’n toekenning aan Swartland Munisipaliteit bewillig om finansiële bestuurswese in die munisipale gebied te bevorder deur die toekenning van eksterne beurse aan plaaslike voornemende studente. Die doel van die projek is dus om menslike kapasiteit in finansiële vaardighede binne die munisipale gebied te ontwikkel.

Die ooreenkoms met die Provinsiale Tesourie bepaal dat ’n bedrag van R120 000 vir die 2016/17 provinsiale finansiële jaar, R240 000 in die 2017/18 provinsiale finansiële jaar en R360 000 in die 2018/19 provinsiale finansiële jaar aan die Munisipaliteit oorbetaal sal word as bydrae tot die eksterne beursprogram.

Studente wat suksesvol hul studierigting voltooi sal as deel van die internskap-program van Provinsie by die Munispialiteit in diens geneem word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Eksterne Beursbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 April 2017;

(b) Dat kennis geneem word dat delegasies voortspruitend uit die nuwe beleid in die Delegasie Register opgeneem sal word vir voorlegging aan die Raad gedurende Mei 2017.

7.7 GELYKE INDIENSNEMINGSPLAN – HERSIENING JAAR 4 (4/9/1/2/1)

Die bestaande Gelyke Indiensnemingsplan vir die periode 1 Julie 2013 tot 30 Junie 2018 moet op ’n jaarlikse basis hersien word.

Wysigings aan die plan is met beide vakbonde – Imatu en Samwu – gekonsulteer en die Gelyke Indiensnemingsforum het op 15 Februarie 2017 die wysigings goedgekeur vir aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Hersiende Gelyke Indiensnemings-plan vir Jaar 4 (1 Julie 2016 tot 31 Junie 2017) goedkeur, welke plan opgestel is vir die periode 1 Julie 2013 tot 30 Junie 2018.

7.8 WYKSKOMITEES: BELASTING BETAALBAAR OP UIT-DIE-SAK UITGAWES (3/4/4/B)

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het in ‘n skrywe gedateer 13 April 2017 munisipaliteite in kennis gestel dat uit-die-sak uitgawes ten opsigte van wykskomitees belasbaar is teen ‘n koers van 25%.

Aangesien die belastingjaar reeds op 1 Maart 2017 ‘n aanvang geneem het, is dit belangrik om die uit-die-sak uitgawes aan wykskomitees met onmiddellike effek te belas.

7.8/…

Dit is dus noodsaaklik om die vergoeding van wykskomiteelede te hersien, en is munisipaliteite in die Weskusstreek hieromtrent geraadpleeg in ‘n poging om ‘n eenvormige vergoedingsmodel te volg.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die skrywe ontvang vanaf SARS insake die belasbaarheid van die toelaag aan wykskomiteelede;

(b) Dat goedkeuring verleen word dat die uit-die-sak uitgawes aan wykskomiteelede verhoog word met ingang van 1 Maart 2017 vanaf R200/vergadering na R350/vergadering (R350 @ 25 % (Tax) = R262.50), en vanaf R100/vergadering na R200/vergadering/kwartaal (R200 @ 25 % (Tax) = R150) vir bywoning van sektorale vergaderings, ten einde voorsiening te maak vir die 25% belasting wat met ingang van 1 Maart 2017 gehef moet word;

(d) Dat, in ag genome die vergoeding van wykskomiteelede in die Weskusstreek, goedkeuring verder verleen word om die vergoeding van wykskomiteelede te verhoog tot R500/sitting (R500 @ 25 % (Tax) = R375) en R200/kwartaallikse sitting vir sektorale vergaderings (R200.00 @ 25 % (Tax) = R150) met ingang van 1 Julie 2017;

(e) Dat die nodige besonderhede vanaf wykskomiteelede bekom word ten einde lede op die Payroll-stelsel van die Munisipaliteit te registreer.

7.9 AANWYS VAN RAADSLEDE EN SEKUNDES AS VERTEENWOORDIGERS VAN DIE RAAD OP DIE ONDERSKEIE WERKGROEPE VAN SALGA (3/1/1)

Die aanwys van verteenwoordigers (raadslede, sekundes en amptenare) op SALGA se ses werkgroepe was reeds op 11 Augustus 2016 deur die Raad gedoen, as deel van die samestelling van komiteestrukture.

BESLUIT

(a) Dat die volgende raadslede en sekundes aangewys word as verteenwoordigers van die Raad op die onderskeie werkgroepe van SALGA, saam met die beamptes soos aangetoon, en dat SALGA dienooreenkomstig in kennis gestel word (**Bylae A** bevat die funksionele areas van die onderskeie werkgroepe van SALGA):

WERKGROEP	RAADSLID	AMPTENAAR
Community Development & Social Cohesion	Rdv Maudé Goliath *Rdl Monde Stemele (sekunde)*	Hillary Balie *Johan Steenkamp (sekunde)*
Economic Empowerment & Employment Creation	Rdl Michael Rangasamy *Rdh Tijmen van Essen (sekunde)*	Leon Fourie *Joggie Scholtz (sekunde)*
Environmental Planning & Climate Resilience	Rdl Marlene van Zyl *Rdv Maudé Goliath*	Alwyn Zaayman *Johan Steenkamp (sekunde)*
Human Settlements & Municipal Planning	Rdl Patricia Solomons *Rdl Monde Stemele (sekunde)*	Johan Steenkamp *Sylvester Arendse (sekunde)*
Public Transport and Roads	Rdl Monde Stemele *Rdl Reggie v/d Westhuizen (sekunde)*	At Botha *Louis Zikmann (sekunde)*
Water, Sanitation and Waste Management	Rdl Reggie v/d Westhuizen *Rdl Monde Stemele*	Louis Zikmann *At Botha (sekunde)*
Capacity Building & Institutional Resilience	Rdl Marlene van Zyl *Rdl Cormac Fortuin (sekunde)*	Sunet de Jongh *Madelaine Terblanche (sekunde)*

Governance & Intergovernmental Relations	Rdh Tijmen van Essen *Rdv Maudé Goliath (sekunde)*	Joggie Scholtz *Madelaine Terblanche (sekunde)*
Municipal Finance & Fiscal Policy	Rdl Michael Rangasamy *Rdl Cormac Fortuin*	Mark Bolton *Hilmary Papier (sekunde)*
Municipal Innovations & Information Technology	Rdh Tijmen van Essen *Rdl Monde Stemele*	Roelof du Toit *Johan Pienaar (sekunde)*

(b) Dat daar kennis geneem word van die prosedures wat SALGA gaan volg met verwysing na kennisgewings en die versoek om agenda items te verskaf;

(c) Dat daar verder kennis geneem word van SALGA se beleid aangaande sittingstoelaes van R962.00 per sitting (beperk tot een sitting per dag) en reiskoste van R3.29/km, beide slegs van toepassing op raadslidverteenwoordigers;

(d) Dat verteenwoordigers (raadslede en amptenare) van die onderskeie werkgroepe aangemoedig word om saam te ry ten einde reiskostes te spaar;

(e) Dat daar kennis geneem word dat daar van die verteenwoordigers verwag word om via die Portefeuljekomitees – Uitvoerende Burgemeesterskomitee – en Raad, terugvoering te bied op die volgende basis:

(i) Mei 2017 werkgroepe: Junie Portefeuljekomitees of Julie Uitvoerende Burgemeesterskomitee as uitsondering;
(ii) Augustus 2017 werkgroepe: September of Oktober 2017 Portefeuljekomitees;
(iii) November 2017 werkgroepe: Uitvoerende Burgemeesterskomitee van Desember 2017 of Januarie 2018;

(f) Dat SALGA nou reeds in kennis gestel word van die botsing van die werkgroepvergadering van 15 November 2017 met Swartland se Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

7.10 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 29 NOVEMBER 2016 ASOOK DIE HALFJAARLIKSE VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE VIR DIE TYDPERK GEëINDIG 31 DESEMBER 2016 (11/1/3/1/7)

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Daar is nie enige aanbevelings van die Ouditkomitee, voortspruitend uit die notule van die Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 29 November 2016, asook die halfjaarlikse verslag van die Ouditkomitee vir die tydperk geëindig 31 Desember 2016, welke dokumente met die sakelys gesirkuleer is.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 29 November 2016, asook die halfjaarlikse verslag van die Ouditkomitee vir die tydperk geëindig 31 Desember 2016.

7.11 SONDEZA AFRI-JEUG INISIATIEF: EVALUERINGSVERSLAG 2016 (17/2/2/1)

Die 13de Sondeza Afri-Jeug Inisiatief het plaasgevind by Ganzekraal vanaf 2 tot 11 Desember 2016. Die visie van hierdie inisiatief is om jeugdiges – tussen ouderdom 15 en 17 – afkomstig vanaf die Weskus en internasionale lande bymekaar te bring om te deel in ervaringe, diverse kulture, en om hieruit leierskap vaardighede te ontwikkel.

Rdl M Rangasamy/...

7.11/...

Rdl M Rangasamy noem dat oorweging daaraan verleen moet word om jeugdiges woonagtig in die Swartland, maar wat weens finansiële omstandighede skoolgaan buite die Swartland (byvoorbeeld in Atlantis), ook geleentheid te gee om aan die kamp deel te neem.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die kampkoördineerder se evalueringsverslag van die 13de Sondeza Afri-Jeug Inisiatief wat plaasgevind het by Ganzekraal vanaf 2 tot 11 Desember 2016.

7.12 AANBIEDING VAN GRATIS WEEKLIKSE FAMILIE- EN GEMEENSKAPSPRETLOOP (14/2/1/4)

Die Munisipaliteit het 'n aansoek ontvang vanaf 'n verteenwoordiger van *Parkrun Boland*, mnr Japie du Bruyn, vir die hou van 'n weeklikse familie- en gemeenskapspretloop (Saterdae) in Malmesbury.

Die sogenaamde *Parkruns* is 'n gewilde konsep regoor Suid-Afrika, en het nie slegs ten doel om gesonde gemeenskappe op 'n fisiese vlak te bevorder nie, maar ook om verhoudinge te bou tussen deelnemers uit alle gemeenskapskringe.

Die handves van die *Parkrun*-Inisiatief, sowel as inligting insake die doelwitte, etos en beginsels van hierdie inisiatief is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die voorneme om 'n *Parkrun* in Malmesbury aan te bied, en dat die Munisipaliteit sy steun daarvoor uitspreek;

(b) Dat toestemming verleen word om die munisipale meentgrond te mag gebruik ooreenkomstig die roete soos aangetoon, met dien verstande dat (i) hierdie toestemming te eniger tyd opgesê mag word; en (ii) behoorlike voorwaardes rakende die geleentheid ingevolge die Verordening insake Geleenthede deur die interne rolspelers bepaal word.

7.13 SWARTLAND DIEREBESKERMINGSVERENIGING (DBV): DIENSLEWERINGS-OOREENKOMS MET DIE MUNISIPALITEIT (17/5/1/1)

Die aangehegte diensleweringsooreenkoms tussen die Swartland Dierebeskermings-vereniging en die Swartland Munisipaliteit is opgestel na aanleiding van 'n opdrag uit die toepaslike portefeuljekomitee van 2 November 2016 om die verhouding tussen dié twee instansies te formaliseer.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word dat die aangehegte diensleweringsooreenkoms met die Swartland Dierebeskermingsvereniging gesluit en deur die Munisipale Bestuurder onderteken word, vir die periode 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2020.

7.14 VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOU-DOELEINDES (12/2/5/5-9/2)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 18 Januarie 2017 goedkeuring verleen dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg vir 'n periode wat nie twaalf maande oorskry nie, met ingang vanaf 1 April 2017.

'n Openbare mededingingsproses is deurloop om die grond vir akkerboudoeleindes beskikbaar te stel, ten behoewe van 'n plaaslik (Moorreesburg)-gebaseerde openbare weldaadsorganisasie, wat met hetsy welsyns-, humanitêre of kulturele aktiwiteite gemoeid moet wees.

7.14/...

BESLUIT

(a) Dat tender L02.16.17 vir die verhuring van ‘n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg ten bedrae van R300,00 per jaar, BTW uitgesluit, aan die Koringbedryfmuseum toegeken word, vir ‘n periode van een jaar, met ingang vanaf 1 April 2017;

(b) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om die voorwaardes van die huurkontrak te finaliseer en die ooreenkoms te mag onderteken.

7.15 KANTOORAKKOMMODASIE: MOORREESBURG SPORTFORUM (12/1/3/1-9/1)

Die Raad verhuur die kantoor wat bekend staan as die ou Toerismekantoor te Moorreesburg aan die Moorreesburg Sportforum op ’n jaar tot jaar basis.

Die huurtermyn verstryk op 30 April 2017.

BESLUIT

(a) Dat die ou Toerismekantoor te Moorreesburg met ingang van 1 Mei 2017 vir ‘n verdere termyn van 12 maande aan die Moorreesburg Sportforum verhuur word ter uitvoering van hul administratiewe funksies;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R10,00 plus 14% BTW per maand;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes sal bly geld.

7.16 VOORGENOME VERVREEMDING VAN STAALSTRUKTUUR: RIEBEEK-WES SKOUGRONDE (12/2/R)

Die Munisipaliteit is die eienaar van ‘n staalstruktuur, geleë op die voormalige skougronde te Riebeek-Wes, wat voorheen as ‘n saalfasiliteit benut was. Die struktuur is tans sodanig geplunder dat feitlik slegs die staalraamwerk en asbesdakke nog in plek is.

Die verwydering van die struktuur en heraanwending elders, is voorheen deur die Siviele Departement ondersoek, maar weens die wetlike vereistes rakende die verwydering van die asbestos-gedeeltes en die gepaardgaande koste-implikasies is dit nie verder oorweeg nie.

Daar is oor die afgelope paar jaar versoeke ontvang vir die koop van die struktuur – jongste versoek is met die sakelys gesirkuleer – en word aan die hand gedoen dat die struktuur ingevolge toepaslike wetgewende vereistes vervreem word.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die vervreemding van die staalstruktuur by die voormalige skougronde te Riebeek-Wes, inaggenome dat die Munisipaliteit geen verdere gebruik vir die struktuur voorsien word nie, en dit voorts onekonomies ag om die struktuur te herstel of te verskuif vir aanwending elders;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder met die vervreemding van die struktuur handel ingevolge die toepaslike wetgewing, soos toegelig in hierdie verslag, aangesien die waarde van die bate minder as R2 miljoen beloop.

7.17 HUUR VAN STOORRUIMTE TE MALMESBURY (12/1/2-6/2)

Die Raad huur tans stoorruimte te Malmesbury van Bester Familietrust teen ’n tarief van R810.00 per maand. Die huurtermyn verstryk op 31 Maart 2017.

7.17/...

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat nadat ondersoek ingestel is, die Munisipaliteit nie oor voldoende stoorruimte beskik vir die stoor van die vullissakke en watermeters nie, en word voorgestel dat voortgegaan word met die huur van stoorruimte.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met Bester Familietrust aangegaan word vir ‘n verdere termyn van 12 maande vir die huur van stoorruimte te Malmesbury, met ingang vanaf 1 April 2017;

(b) Dat huurgeld ten bedrae van R880,00 per maand betaal word uit posnommer 657452001342 (aankoop van vullissakke);

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes van krag bly.

7.18 MALMESBURY RUGBY VOETBALKLUB: GEBRUIK VAN EN BEHEER OOR KIOSK (K/2/1/2)

Die Munisipaliteit het met ingang van 1 Julie 2016 die bestuur en onderhoud van die Dieprivier-velde en paviljoen vanaf die Malmesbury Rugbyvoetbalklub (Bloues) oorgeneem, uitgesluit die fisiese besproeiing van die velde, asook die instandhouding van die bestaande sportveldverligting.

Die klubhuis word ten bedrae van R100,00 (plus BTW) per jaar aan Bloues verhuur. Dit het onlangs tot die kennis van die Korporatiewe Dienste direktoraat gekom dat die kiosk onder die paviljoen, ’n ruimte van ±6 m x 6 m, ook nog onder beheer van Bloues staan. Die klub voer beheer uit oor die sleutel, maar stel dit aan ander rugbyspanne beskikbaar tydens wedstryde, om die kiosk en hul toerusting te mag gebruik.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die Malmesbury Rugby Voetbalklub toegelaat word om beheer oor die kiosk onder die paviljoen by die Dieprivier-sportfasiliteite uit te oefen, met dien verstande dat toegang tot die kiosk asook die toerusting daarin nie vir ander klubs geweier mag word vir gebruik tydens wedstryde nie;

(b) Dat die risiko vir diefstal of moontlike beskadiging van die toerusting wat in die kiosk geberg word, by die rugbyklub sal berus en die Munisipaliteit gevrywaar word van enige aanspreeklikheid in die betrokke verband;

(c) Dat indien daar in die toekoms weer ‘n huurooreenkoms met Bloues gesluit word, hetsy slegs ten opsigte van die klubhuis of vir die huur van die fasiliteite in die geheel, bepalings rakende die kiosk vir insluiting by die ooreenkoms oorweeg sal word.

7.19 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY TENNISKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die Malmesbury tennisfasiliteite (by die Dieprivier-sportgronde) aan die Malmesbury Tennisklub op ’n jaar tot jaar basis.

Die huurtermyn verstryk op 30 April 2017.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met die Malmesbury Tennisklub, m.i.v. 1 Mei 2017, aangegaan word vir die huur van die fasiliteite vir `n verdere tydperk van 12 maande;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R10.00 per jaar plus BTW;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes gehandhaaf word.

7.20 HUUROOREENKOMS: MTN (15/4/6)

Die Raad verhuur spasie op die munisipale watertoring te Wesbank aan MTN vir doeleindes van ’n telekommunikasie netwerk.

Die huurooreenkoms verstryk op 30 April 2017, en het MTN aansoek gedoen dat die perseel vir ’n verdere termyn van vyf jaar aan hulle verhuur word.

BESLUIT

(a) Dat die perseel van die Wesbank Watertoring vir ’n verdere termyn van 4 (vier) jaar en 11 (elf) maande aan MTN verhuur word vir die lewering van ’n telekommunikasie netwerk met ingang van 1 Mei 2017;

(b) Dat huurgeld van R5 400.00 (BTW uitgesluit) per maand gehef word en dat die huurgeld jaarliks met 6% eskaleer;

(c) Dat die huurvoorwaardes soos tans geld van krag sal wees.

7.21 UITSTAANDE DEBITEURE – FEBRUARIE 2017 (5/7/1/1/MY)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Februarie 2017.

7.22 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 28 Februarie 2017 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.23 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN WATERPOMPE, RIVERLANDS POMPSTASIE (8/1/2/2)

Die dorpe van Chatsworth en Riverlands word voorsien van drinkwater vanaf die reservoir in Kalbaskraal wat die water deur middel van twee pompe na die pompstasie in Riverlands pomp en verder na die twee reservoirs in Chatsworth.

Die een pomp by die Riverlands pompstasie het onklaar geraak en dringende herstelwerk word benodig. Die tweede pomp benodig ook herstelwerk weens die druk om water te bly voorsien aan die twee dorpe.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die dringende herstelwerk aan die pompe by die Riverlands pompstasie ten bedrag van R67 210.62 (BTW uitgesluit) aangesien dit as ‘n noodgeval hanteer word;

(b) Dat die pompe herstel word deur *Tricom Africa*;

(c) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen dat die herstelwerk deur *Tricom Africa* kan voortgaan vir die bedrag van R67 210.62 (BTW uitgesluit) en dat die uitgawe aangegaan word teen posnommer 77-92-30-00-0308;

7.23/...

(d) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

(e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.24 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN BESPROEIINGSPOMP, DARLING RIOOLWERKE / ***DEPARTURE FROM PRESCRIBED PROCUREMENT PROCEDURES: PURCHASE OF IRRIGATION PUMP, DARLING SEWERAGE WORKS*** **(8/1/2/2)**

Die Darling Rioolwerke voorsien gesuiwerde rioolwater aan die Darling sportgronde en Darling Gholfklub vir besproeiingsdoeleindes. Die pomp wat die gesuiwerde rioolwater voorsien het onklaar geraak, en moet dringend vervang word.

Weens die droogte wat ervaar word is die speeloppervlaktes besig om groot skade op te doen en om te voorkom dat dit in totaal vervang moet word, moet water so spoedig moontlik aan die sportgronde en gholfbaan voorsien word.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die dringende aankoop van 'n besproeiings pomp vir die rioolwerke op Darling ten bedrag van R32 334.66 (BTW uitgesluit) aangesien dit as 'n noodgeval hanteer word;

(b) Dat die pomp aangekoop word by *Tricom Africa*;

(c) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen dat die aankoop by *Tricom Africa* kan voortgaan vir die bedrag van R32 334.66 (BTW uitgesluit) en dat die uitgawe aangegaan word teen posnommer 77-92-30-00-0308;

(d) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

(e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.25 ALGEMENE JAARVERGADERING: PLAASLIKE OWERHEDE PENSIOENFONDS: AANWYSING VAN AFGEVAARDIGDES (11/1/2/5)

Die 33ste Algemene Jaarvergadering van die Plaaslike Owerhede Pensioenfonds vind plaas op 26 Mei 2017 en moet daar ingevolge die reëls van die fonds een afgevaardigde uit die lede en een afgevaardigde uit die raadslede aangewys word om die vergadering by te woon.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat mnr A M Zaayman genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Plaaslike Owerhede Pensioenfonds op 26 Mei 2017;

(b) Dat raadslid M van Zyl, genomineer word om die Raad by die vergadering te verteenwoordig.

7.26/...

7.26 SYNTELL KAMERAS: TERUGKOOP VOORSTEL (6/1/2/3)

Syntell (Pty) Ltd is per tender aangestel vir die voorsiening, lewering en administratiewe ondersteuning van ‘n boete-kollekteringstelsel en kamera-toerusting vir die periode 1 Julie 2013 tot 30 Junie 2016.

Die ooreenkoms met Syntell (Pty) Ltd het bepaal dat die mobiele kameras na die Munisipaliteit oorgedra word met verstryking van die kontrakperiode.

Die Direkteur: Beskermingsdienste verduidelik egter dat die kameras om verskeie redes, soos vermeld in die verslag, nie deur die Munisipaliteit gebruik kan word nie, asook nie deur die diensverskaffer, TMT, wat tans aangestel is nie.

BESLUIT

Dat die terugkoop voorstel van Syntell (Pty) Ltd aanvaar word en dat die twee mobiele kamerastelsels teen R40 000.00 (BTW uitgesluit) verkoop word (R20 000.00 per kamerastelsel).

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER